
# Sessie 3.

## Van Antiogië verder. Handelinge 13-28




In die vorige sessie is klem gelê op hoe die Heilige Gees op onverwagte maniere en deur onvoorsiene omstandighede die kerk verander het van 'n eksklusiewe Joodse groep in Jerusalem na 'n universele gemeenskap van verskillende kulture wat reg oor die antieke wêreld versprei het. In hierdie sessie gaan ons hierdie storie tussen ongeveer 36-100 nC verder verken.

Die eerste gelowiges was almal van Joodse afkoms, maar reeds vroeg het die insig gekom dat God deur sy Gees en die groei van die kerk met iets groter as net 'n tradisionele Joodse godsdiens en kultuur mee besig is. Hierdie perspektief kom reeds sterk na vore met die uitstorting van die Heilige Gees in Handelinge 2 asook Stefanus se toespraak in Handelinge 7 waarna ons verlede week gekyk het. Na Stefanus se dood het 'n vervolging van Griekssprekende gelowiges in Jerusalem tot gevolg gehad dat hulle na plekke soos Fenisië, Siprus en Antiochië toe gevlug het (Hand. 11:19). Hierdie week gaan kyk na hoe gebeure verder ontvou het na Saulus se bekering rondom 36 nC.

**Saulus vervolg die kerk en kom tot bekering (Handelinge 8-9)**

- Saulus is teenwoordig tydens Stefanus se steniging (Hand. 7:58) en deel van die Joodse Raad om die Grieksprekende deel van die vroeë kerk aktief uit te roei (Hand. 8:3). Hy het van die hoë priester toestemming gekry om die vlugtelinge uit Jerusalem agterna te sit om hulle gevange te neem (Hand. 9:1-2).
- Wat was die aard van Saulus se bekering? Hy was tog immers reeds 'n diep en toegewyde Joodse gelowige?

**Toe hy op reis naby Damaskus kom, het daar skielik 'n lig uit die hemel op hom (Saulus) gestraal. Hy het op die grond neergeval en 'n stem vir hom hoor sê: "Saul, Saul, waarom vervolg jy my My? "Wie is U, Here?" vra hy toe. "Ek is Jesus," antwoord Hy**

**Handelinge 9:3-5**

Alhoewel die oomblik van sy bekering groot en ingrypend was, het dit vir Saulus 'n tyd geneem om die betekenis daarvan te onderskei. Saulus se eie weergawe van sy bekering in Galasiërs 1:15-24 gee ons 'n dieper insig daarin. Tussen Paulus se bekering en sy aktiewe bediening aan nie-Joodse gelowiges verloop daar amper 14 jaar! (Galasiërs 2:1).

Intussen lees ons ook van Petrus se eie "bekering" in Handelinge 10. Na sy ontmoeting met Kornelius, 'n heiden kaptein van die Italiaanse reglement kom hy tot die volgende insig: "Waarlik, ek begryp nou eers dat God nie onderskeid maak nie, maar uit enige volk die mense aanneem wat Hom vereer en doen wat reg is" (Hand. 10:34). Alhoewel hy tot die insig gekom het was die praktiese implikasie daarvan vir Petrus uitdagend en hy word later deur Paulus in Galasiërs 2:11 beskuldig dat huigel (Gal. 2:13).

Tussen Paulus se bekering (c. 35/36 nC) en sy eerste sendingreis (c. 46-48 nC) verloop daar 'n dekade. Wat het in hierdie tydperk gebeur? Paulus se teologiese insigte is in hierdie tyd deur lewenservaringe gevorm en ook nog daarna deur sy

sending reise. In die brief aan die Romeine word beskou as Paulus se meesterwerk en verwoord sy teologiese insigte oor jare. Lees Romeine 3:21-24 wat 'n goeie samevatting is van die kern van sy insigte en ervarings oor jare.

**Hoe praat die gebeure rondom Paulus en Petrus se lewens met ons oor hoe ons God se wil en die waarheid in ons hede onderskei?**

Ons gaan ook nou kyk na hoe die vroeë kerk die gebeure van hulle hede moes onderskei.

- Handelinge 11:19 vertel hoe al hoe meer mense van heidense afkoms tot geloof gekom het. Wat dink jy het hulle gevind of ontdek?
- Die moedergemeente in Jerusalem het vir Barnabas na Antiogië toe gestuur om die nuwe gebeure te ondersoek (Hand. 11:22). Ons lees verder dat Barnabas diep onder die indruk gekom het van God se genade en gelei is om Saulus in Tarsus se hulp op te soek. Hulle het vir twee en 'n halwe jaar saam in die gemeente gewerk en dit is hier waar gelowiges vir die eerste keer Christene genoem is (Hand. 11:26). Vanuit Antiochië het Paulus en Barnabas op hulle eerste sending reis vertrek.




- 'n Paar groot uitdagings het nog vir die vroeë kerk voorgelê. Lees onder andere meer in Handelinge 15:36-40 oor die insident waar Paulus se pad met Barnabas geskei het rakende hulle reisgenoot Johannes Markus. Dan was daar ook die konflik tussen Paulus en Petrus waarvan ons in Galasiërs 2:11-14 lees. Daarby saam het die spanning tussen die Jerusalem gemeente en die gemeente in Antiogië oor verskille breekpunt bereik. Barnabas en Paulus het na Jerusalem gereis om dit met die leierskap van die moedergemeente uit te klaar.

**Die vroeë kerk rondom 50 nC - die Jerusalem sinode in Handelinge 15**


- Die Jerusalem "sinode" in Handelinge 15 verwys na twee groepe in die vroeë kerk wat hulle verskille probeer uitsorteer.

  1) Jakobus en die apostel groep in Jerusalem. Hulle hou nougeset aan hulle Joodse identiteit en Joodse godsdienstige gebruike vas, maar het ook ruimte gelaat (voorwaardes) vir nie-Joodse gelowiges.

  2) Paulus en Barnabas verteenwoordig 'n groep uit die gemeente in Antiochië wat uit 'n gemengde groep bestaan het. Petrus het homself iewers tussen die twee groepe bevind.

- Paulus se volgende drie sendingreise na hierdie vergadering verteenwoordig 'n besliste fase waarin die vroeë kerk al hoe meer divers geword het namate dit na ander dele van die antieke wêreld versprei het. In die periode van ongeveer 15 jaar (50-65 nC) het hy verskeie gemeentes gestig, besoek en briewe aan hulle gerig wat in die Nuwe Testament opgeneem is. Die meeste daarvan was geskryf na aanleiding van probleme en uitdagings wat vroeë gemeentes moes hanteer. Weereens het dit gelowiges by die plek uitgebring om hulle hede te onderskei.

**Die dekade van groot transisies, 60-70 nC**




- Teen die jaar 70 nC het al die Apostels, behalwe Johannes, 'n marteldood gesterf (marteldood). Jakobus, Jesus se broer is in 62 nC, gestenig en deur Jesus se neef Simeon, seun van Klopas vervang.
- Gelowiges is ontnugter agtergelaat toe Jesus se spoedige wederkoms nie gerealiseer het soos wat vroeë gelowiges verwag het nie.
- Die spanning tussen die Jode en Romeine in Jerusalem 'n breekpunt bereik. Jerusalem is vanaf 66 nC deur die Romeine omsingel en in 70 nC het

hulle deur die stad se mure gebreek waarna die Joodse tempel en stad vernietig is. Die Joodse historikus Josefus skryf hoe duisende Jode in hierdie tyd deur deur Romeinse soldate gekruisig is. Voor die stad se inname het Joodse gelowiges van die moedergemeente onder leiding van Jesus se broer Simeon na Pella gevlug.

- In hierdie tyd verdeel die moedergemeente weer in twee groepe: Die Nasareners en die Ebioniete.


| Eienskap | Nasareners | Ebioniete |
|---|---|---|
| Beskouing van Jesus | Goddelike Messias, gebore uit 'n maagd | Menslike profeet, aangeneem deur God by doop |
| Beskouing van Paulus | Gewoonlik aanvaar of verdra | Verwerp as valse apostel |
| Wetsonderhouding | Jode moet dit hou; nie-Jode is vry | Almal moet dit hou |
| Maagdgeboorte | Aanvaar | Ontken |
| Skrifgebruik | Hebreeuse Bybel + Evangelie van Matteus (en ander) | Slegs Hebreeuse Evangelie (geen Paulus) |
| Houding teenoor Kerk | Naby aan hoofstroom-Christendom | Deur Kerkvaders as ketters beskou |
| Taal en kultuur | Aramees-sprekende Joodse Christene | Dieselfde, maar meer afgesonder |
| Latere geskiedenis | Het verdwyn of by ander Christene ingesluit | Het teen 4de eeu uitgesterf |

**Gebeure tussen 70 en 100 nC**

- Die vroeë kerk groei toenemend los van sy Joodse wortels en versprei oor die antieke wêreld.
- Briewe wat deur Paulus tydens sy sendingreise geskryf is word onder gemeentes versprei en gelees.
- 'n Tweede generasie gelowiges wat Jesus self gesien nie gesien het nie en dissipels van die apostels was (ou kerkvaders) kom na vore.

- Verskeie rondreisende profete en predikers besoek gemeentes. Daar begin stadig maar seker 'n georganiseerde struktuur binne die vroeë gemeentes ontwikkel van biskoppe, ouderlinge en diakens.
- Die Evangelies word in gelowiges kontekste buite Jerusalem geskryf. Markus (na 70 nC in Rome of Sirië), Matteus (tussen 80-90 nC in omgewing van Antiogië in Sirië), Lukas (tussen 85-95 nC in Griekeland of Sirië) en Johannes (tussen 90-100 nC in Efese).

The expansion of Christianity in the first centuries



**Paulus se Briewe (13 totaal)**

A. Onbetwiste briewe (deur Paulus self geskryf tussen ongeveer 50 en 65 nC)

1. Romeine
2. 1 Korintiërs
3. 2 Korintiërs
4. Galasiërs
5. Filippense
6. 1 Tessalonisense
7. Filemon

B. Betwiste / Deutero-Pauliniese briewe (moontlik deur Paulus se volgelinge geskryf)

8. Efesiërs
9. Kolossense
10. 2 Tessalonisense

C. Pastorale briewe (baie geleerdes beweer dat dit na Paulus se dood rondom 65 nC geskryf is)

11. 1 Timoteus
12. 2 Timoteus
13. Titus

**Ander Briewe**

A. Hebreërs

14. Hebreërs

- Anoniem; tradisioneel aan Paulus gekoppel, maar nie werklik Paulinies nie.

B. Algemene (Katolieke) Briewe

15. Jakobus
16. 1 Petrus
17. 2 Petrus
18. 1 Johannes
19. 2 Johannes
20. 3 Johannes
21. Judas

| **Wat is die indruk waarmee hierdie verhaal tussen 30 -100 nC jou mee laat?** |
| --- |
| ................................................................................................................... |
| ................................................................................................................... |
| ................................................................................................................... |
| ................................................................................................................... |
| ................................................................................................................... |
| ................................................................................................................... |
| ................................................................................................................... |

**Vir volgende week**: Lees die *Didache* (addendum). Dit is die kerk se vroegste kategismus wat rondom 100 nC geskryf is, maar nie in die Nuwe Testament opgeneem is nie. Dit is die vroegste voorbeeld van 'n lys van riglyne vir vroeë gemeentes.